## 27 Desember - YSTER

**Skrifgedeelte: Spreuke 27:12-19**
**Fokusgedeelte: Spreuke 27:17**

In ons teksvers lees ons: *"Yster slyp yster; so slyp die een mens die persoon van die ander."*

Hier kry ons 'n baie treffende beeld. Soos messe skerpgemaak word met ander ystergereedskap, so kan vriende mekaar slyp deur uitruiling van idees en konstruktiewe kritiek.

Indringende en eerlike gesprekke tussen vriende het altyd goeie gevolge. In vriendskap het ons nie net komplimente of bemoediging nodig nie, maar ook opinies en menings wat van ons s'n verskil.

Daardeur leer jy om beter en meer doeltreffend dinge te doen. Jy leer om reg op te tree en reg te kommunikeer. Met ander woorde, jy word geslyp soos yster yster slyp. Dit is egter nie net jy wat geslyp word nie. Nee, jy kan ook met jou eerlike gedagtes en opinies jou vriend help om meer effektief te lewe.

Daarom is dit so belangrik om altyd die regte vriende te hê. Vriende kan 'n negatiewe of 'n positiewe invloed op jou hê. Christus het ook by sy vriend Lasarus en sy susters gekuier.

Kies altyd jou vriende met groot versigtigheid. 'n Negatiewe vriend kan 'n baie nadelige invloed op jou hê. Daarteenoor sal 'n Christenvriend wat opreg voor die Here lewe, vir jou 'n groot aanwins wees.

Sorg altyd dat jy vriende het met wie jy Christelike gesprekke uit die Bybel kan voer. Dit het 'n ontsettende groot waarde vir jou. So kan jy deur jou geestelike gesprekke jou vriend aanmoedig en bemoedig. Daarteenoor kan hy met sy gesprekke jou in jou geloof versterk en leer om jou geloof prakties elke dag uit te leef.

Bid dat die Here aan jou opregte en eerlike Christenvriende sal gee. 'n Ware vriend wat jy kan vertrou, is baie meer werd as al die rykdom wat die aarde kan bied. 'n Ware vriend wat altyd 'n vriend bly deur dik en dun, se waarde is meer werd as al die skatte van die wêreld.

*Sing: Psalm 133:1, 2 (1936-beryming)*        *Ds PJ van der Walt (Ladybrand-Tweespruit)*